BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

SEPTEMBER 2014 Nr 49

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Werk is 'n geskenk!

"Ek wil met meneer praat wanneer meneer tyd het." Aan die woord is Ferdie wat vir ons werk. Hy weet hy moet vinnig praat, want ek is haastig, altyd op pad iewers heen. Maar vandag lyk hy ernstig. Wil iets groots vra: "Meneer moet my help om Makoekoe te bou. Hy speel 'n groot kaart: "My pa sê ek het nou 'n vaste werk" (so paar dae gelede het ons sy finale kontrak geteken). "Ons praat vanmiddag."

Dit het my laat dink aan die betekenis van werk. Wanneer mens nie 'n vaste werk het nie, kan jy nie beplan nie. Jy kan nie skuld maak nie. Jy gaan nie vooruit gaan nie. Len Severson skryf oor werk en gebruik die Engelse akroniem, *gift* om werk as geskenk te verduidelik.

***G – Give* of gee:** Ek gee van myself. Dit is by uitstek waar van die bediening. Hoeveel gee ons nie net van onsself nie. Dit is juis in die géé, dat ons 'n verskil maak – dit beter maak.
***I – Imaging* of droom:** Die werklikhede van die bediening en die uitdagings steel soms ons drome. Daardie groot doelwitte en mooi drome word al hoe kleiner en minder, hoe langer ons werk. Dink weer aan dié drome van jare gelede. Stof hulle af en kyk wat kan jy vandag doen om dit te realiseer.
***F – Follow up* of opvolg:** Ons herbesoek nie altyd onafgehandelde take en doelwitte nie. Elke dag het soveel nuwe uitdagings, dat ons nie daarby uitkom nie. Indien werk 'n geskenk is en ons maak ons onafgehandelde take klaar, kan ons met vrymoedighied die nuwes aanpak.
***T – Train* of opleiding:** Hier bedoel hy spesifiek ander mense. Hier gee ek nie net myself en my werk nie, maar gee ek dit vir iemand. As almal vaardighede en kennis aangee en opleiers word wat ander oplei, sal die hele sisteem geweldig vinnig groei en ontwikkel. Dink wat dit in 'n geloofsgemeenskap kan doen?

Werk is inderdaad 'n geskenk. Ferdie se pa verstaan dit. Ferdie se droom van 'n eie huis moet gestalte kry en hy wag vir my…

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY IN BLOEMFONTEIN
Tema: *Spiritual Leadership*
Plek: NG Gemeente Pellissier – Vlakfonteinlaan 6, Pellissier
Tyd: 10:30 – 15:30
Koste: R150pp – betaalbaar by Pellissier
VBO-punte: 5
Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029

2 – 5 SEPTEMBER 2014: INDABA OOR AKTIEWE BURGERSKAP; DIE VADERHART-REEKS
'n Gesamentlike projek van die UV se Direktoraat Gemeenskapsbetrokkenheid en *Bloem Shelter*
Plek: CR Swart-ouditorium, Bloemfontein-kampus, UV
Koste: Dagkaartjie @ R50 (Dag 1 – 3)
Dagkaartjie vir VBO-ontvangers @ R200 (Dag 1 – 3)
(sluit verversings en middagete in)
Studentepakket @ R50 vir drie dae
Uitstallings deur verskeie NROs en ander belanghebbendes
Kaartjies beskikbaar by *Computicket*
VBO-Punte: 20
Vir verdere inligting kontak: Prof Mabel Erasmus (UV) 051 401 3732/083 306 5989 | erasmusm@ufs.ac.za

22 SEPTEMBER 2014: Kategese: Die *Smartie*-boksie van die kerk
Aanbieder sal nog bekend gemaak word.
Plek: Bloemfontein
VBO-punte: 5
Registrasie: SMS D57282 en u naam na 31029

1 – 3 OKTOBER 2014: *FRESH EXPRESSIONS*
Sameroeper: Nico Mostert
Plek: Bergville
VBO-punte: 20
Verdere inligting sal later bekend gemaak word.

Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

Fakulteit Teologie UV, *Shepherd* Direkteur: Dr GP (Gerhard) Botha, Programbestuurder: Marina Oberholzer Tel: 051- 401 3995 Epos: shepherd@ufs.ac.za